## *AFDELING A LEES- EN VISUELE BEGRIP*

## *VRAAG 1 LEESBEGRIP – INTERNETARTIKEL*

### Troeteldierhelde wat lewens beskerm of red

1 'n Troeteldier is 'n dier wat 'n persoon vir geselskap of vermaak aanhou, eerder as 'n werkende dier. Twee van die gewildste troeteldiere is honde en katte; die tegniese term vir 'n katliefhebber is ailurofiel en vir 'n hondeliefhebber is dit sinofiel. Daar is ook troeteldiere wat werkende diere is. Die volgende diere was baie dapper en het mense in verskillende oorloë of krisisse gehelp.

**LEX**

2 Lex en sy hanteerder, J. Lee, was in November 2006 in Irak en het as 'n patrolleerspan gewerk om plofstowwe op te spoor. 'n Week voor sy 21ste verjaarsdag is Lee tragies dood tydens 'n aanval op hul basis. Ten spyte van Lex se eie beserings, het hy geweier om Lee se liggaam alleen te laat en het Lee probeer beskerm teen enigeen wat dit naby hom wou waag.

3 Lex het later van sy beserings herstel en weer sy pligte hervat. Dié opspoorhond het intussen ophou werk en is aan Lee se familie gegee, waar hy vir die res van sy lewe met waardering en liefde versorg is.

**SMOKY**

4 Smoky was een van die kleinste oorlogshonde waarvan ons weet, en het maar 1,81 kg geweeg en was 18 cm hoog. Hierdie klein Yorkshireterriër het tydens die Tweede Wêreldoorlog in die Stille Oseaan by 'n mediese teater diens gedoen. 'n Amerikaanse soldaat het haar in Nieu-Guinee gekry en haar op 12 missies saamgeneem. Smoky het 150 aanvalle oorleef en het altesaam agt toekennings vir haar werk ontvang.

5 Smoky is die eerste terapiehond wat in amptelike rekords aangeteken is. Haar diens het in Julie 1944 begin en sy het vir 12 jaar lank, gedurende en ná die oorlog, gewerk.

**SIMON**

6 Simon, 'n swart-en-wit korthaarkat, het in die Britse Koninklike Vloot diens gedoen en was hulle gelukbringer. Hy het op die skip rotte gejag. Tydens die Sjinese Burgeroorlog is Simon beseer en die matrose het gedink hy gaan nie die nag oorleef nie, maar hy het!

7 Simon het drie verskillende toekennings vir sy dapperheid ontvang. Simon is die enigste kat wat nog ooit die Dickin-medalje vir dieremoed en -dapperheid gekry het. Toe Simon later sterf, is hy met 'n volle vloot-eerbewys begrawe.

**TIDDLES**

8 Tiddles, 'n gebore en getoë skeepskat, was in die vroeë 1940's die kat van die Kaptein van die Britse Koninklike Vloot se vliegdekskip, die *HMS Victorious*. Ons glo dat hy uitstekende diens verrig het, aangesien hy meer as 30 000 myl gedurende sy vlootdiens gereis het. Tiddles kan een van die redes wees waarom Brittanje swart katte as gelukbringers sien.

LIVEWORKSHEETS













**Suid-Afrika het ook ons eie diereheld:**

**DONNA**

9 Die stigter van *Gift of the Givers*, dr. Imtiaz Sooliman, het gesê dat hy beïndruk is met Donna, van die SAPD se K9-honde-eenheid in Lichtenburg, omdat sy op 13 Februarie 2023 gehelp het om 'n 80-jarige vrou wat nog gelewe het, onder die puin van 'n gebou te vind. 'n Aardbewing het dele van Turkye en Sirië verpletter. Hierdie Suid-Afrikaanse K9-honde-eenheid is na Atakya Merkez, in die Hatay-provinsie van Turkye, gestuur om te help om slagoffers, wat nog onder die puin van geboue vasgekeer was, te probeer red. Adjudant-Offisier Tinalia Gouws, Donna se hanteerder, sê sy is baie trots daarop dat Donna, as 'n werkende hond, kon help om 'n mens se lewe te red.

10 Al hierdie troetel- en werkdiere was ongelooflike en brawe klein helde wat hulle lewens gewaag het om mense op te beur of te help.



LIVEWORKSHEETS

## 1.1

Wat is 'n **sinofiel**?

a) 'n Mens wat diere red
b) 'n Mens wat katte versorg
c) 'n Mens wat van honde hou
d) 'n Mens wat in oorlog werk

---

## 1.2

Wanneer sal 'n dier as 'n **werkende dier** geklassifiseer word?

a) Wanneer dit net 'n troeteldier is
b) Wanneer dit vir geselskap gehou word
c) Wanneer dit mense help met spesifieke take
d) Wanneer dit in 'n huis woon

---

## 1.3

Watter tipe werk het **Lex** verrig?

a) Hy het mense uit geboue gered
b) Hy het rotte op skepe gejag
c) Hy het plofstowwe opgespoor
d) Hy het siek soldate versorg

---

## 1.4

Hoe het Lex sy **lojaliteit** teenoor J. Lee bewys?

a) Hy het saam met Lee gevlug
b) Hy het geweier om Lee alleen te laat
c) Hy het Lee se werk oorgeneem
d) Hy het hulp gaan soek

---

## 1.5

Wat van **Smoky** se voorkoms het haar so 'n unieke oorlogshondjie gemaak?

a) Sy was baie groot en swaar
b) Sy het lang swart hare gehad
c) Sy was baie klein en lig
d) Sy was 'n jong hond

FROZENFOCUS EDUCATION

LIVEWORKSHEETS

## 1.6

Tot watter jaar was Smoky nog as 'n **terapiehond** gebruik?

a) 1944
b) 1950
c) 1956
d) 1960

## 1.7

Watter ses opeenvolgende woorde uit paragraaf 6 bewys dat Simon se bemanning geglo het hy sou sterf?

a) "hy het op die skip rotte gejag"
b) "hy was hul gelukbringer"
c) "gaan nie die nag oorleef nie"
d) "Simon besorg die matrose hoop"

## 1.8

Hoe voel die Britte, anders as mense in die meeste ander lande, oor swart katte?

a) Hulle is bang vir swart katte
b) Hulle vermy swart katte
c) Hulle sien swart katte as gelukbringers
d) Hulle glo swart katte bring ongeluk

FROZENFOCUS®

**Lees paragraaf 9**

EDUCATION

## 1.9

Wat moes **Donna** en haar hanteerder in Turkye gaan doen?

a) Om soldate te help
b) Om diere te red
c) Om mense onder die puin op te spoor
d) Om kos en water uit te deel

## 1.10

LIVEWORKSHEETS

Watter woord in paragraaf 9 dui aan dat mense **onskuldig** in die natuurramp vasgevang was?

a) "slagoffers"
b) "puin"
c) "geboue"
d) "reddingspogings"


## *VRAAG 2 VISUELE BEGRIP – ADVERTENSIE*










LIVEWORKSHEETS

## 2.1

Watter boodskap dra die leer wat teen die koppie in **Advertensie A** staan, oor?

a) Dat die produk goedkoop is
b) Dat die produk net vir volwassenes is
c) Dat die produk geteiken is vir jonger kinders.
d) Dat die produk vinnig voorberei word

---

## 2.2

Hoe trek die adverteerder in **Advertensie A** op 'n speelse manier die leser se aandag?

a) Deur helder kleure te gebruik
b) Deur die groente gesigte en arms te gee
c) Deur groot letters te gebruik
d) Deur 'n bekende handelsmerk te wys

---

## Kyk na advertensie B

---

## 2.3

Watter **TWEE** dinge gebruik **Advertensie B** om mense te probeer oorreed dat dit nie verkeerd is om sigarette te rook nie?

a) Sport en gesonde kos
b) 'n Glimlaggende man en 'n sportsoort
c) 'n Gesin en kinders
d) 'n Natuurtoneel en vars lug

FROZENFOCUS®

---

## Kyk na advertensie C

EDUCATION

---

## 2.4

Watter soort **Nescafé-produk** word in advertensie C geadverteer?

a) Nescafé Classic
b) Nescafé Espresso
c) Nescafé Gold-koffie
d) Nescafé Decaf

---

LIVEWORKSHEETS

## 2.5

Waarom probeer die adverteerder in **Advertensie C** om die produk soos parfuum te laat lyk?

a) Om te wys dit is goedkoop
b) Om dit met luuksheid en eksklusiwiteit te assosieer
c) Om te wys dit is vir kinders
d) Om die verpakking te beklemtoon

---

## 2.6

Watter **TWEE woorde** uit **Advertensie C** beklemtoon dat hierdie produk baie eksklusief is?

a) Warm en sterk
b) Vars en natuurlik
c) Ryk aroma en verfynde smaak
d) Lekker en soet

---

## Kyk na advertensie D

---

## 2.7

Wat is die **natuur** se kitskos volgens **Advertensie D**?

a) Brood en melk
b) Vrugte soos appels en pere
c) Sop en groente
d) Koffie en tee

---

## Kyk na al die advertensies

---

## 2.8

Die advertensie wat om **gesondheidsredes nie sosiaal aanvaarbaar is nie**, is advertensie …

a) A
b) B
c) C
d) D

---

FROZENFOCUS EDUCATION
LIVEWORKSHEETS

## 2.9

Watter **TWEE advertensies** bemark gesonde eetgewoontes?

a) Advertensie A en B
b) Advertensie C en D
c) Advertensie A en D
d) Advertensie B en D

---

***VRAAG 3 VISUELE BEGRIP – SPOTPRENT***




[Bron: Die Burger, 17 Januarie 2018]

## 3.1

Hoe kan ons aan die ma (A) se **gesigsuitdrukking** sien dat sy baie bly is?

a) Sy frons
b) Sy glimlag breed
c) Sy kyk weg
d) Sy byt op haar lip

LIVEWORKSHEETS

## 3.2

Hoe kan ons aan die ma (A) se **liggaamstaal** sien dat sy baie bly is?
Kies die **beste antwoord**.

a) Sy sit stil en kyk af
b) Sy spring in die lug en hou haar duime op
c) Sy vou haar arms
d) Sy staan met haar hande in haar sakke

## 3.3

Watter **visuele leidraad** wys vir ons dat die hond nie kwaai is nie?

a) Hy blaf hard
b) Hy ontbloot sy tande
c) Sy stert waai
d) Hy sit stil en kyk

## 3.4

Wat doen die man (B) wat sleg vir sy gesondheid is?

a) Hy hardloop
b) Hy eet lekkers
c) Hy rook 'n pyp
d) Hy drink water

FROZENFOCUS®
EDUCATION

## 3.5

Hoe groet die man (B) die kinders wanneer hulle skool toe gaan?

a) Hy roep vir hulle
b) Hy draai sy rug
c) Hy waai vir hulle
d) Hy loop weg

## 3.6

Watter **sportsoort** gaan die seuntjie (C) heel waarskynlik by die skool speel?

LIVEWORKSHEETS

a) Krieket
b) Tennis
c) Swem
d) Netbal

---

### 3.7

Hoe weet ons die meisie (D) vind haar ma se reaksie vreemd?

a) Sy lag hard
b) Sy kyk oor haar skouer na haar ma
c) Sy spring op en af
d) Sy hardloop weg

---

### 3.8

Watter **TWEE** kinderspeelgoed kan in die tuin gesien word?

a) 'n Fiets en 'n rugbybal
b) 'n Boek en 'n tas
c) 'n Televisie en 'n stoel
d) 'n Bal en 'n pen

---

***VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG***

---

**Kameraad – Pirow Bekker**

In my kamer is 'n komper
ek het hom na my hand geleer
ek het hom woorde toegevoeg
maar anders as ek
het hy nie vergeet nie

Hy moker my eie woorde terug
vir wie kan ek kwaad wees?
Ek het my geledig in hom
vir wie kan ek vervaard wees?

Saans ry ek met die bus na hom toe
met my OK-sak vol behoeftetjies.
In my kamer is 'n maat
in die maat is 'n laai
in die laai is ek gesleutel

êrens sal ek my nog kry
kom, komper, tyd vir kompereer

[Bron: Cillié, A.L. (samesteller). 2003. *Pret met Poësie*. Kaapstad: Human & Rousseau.]

LIVEWORKSHEETS

## 7.1

“Kameraad” is iemand wat jou ______ is.

a) vyand
b) onderwyser
c) vriend
d) leier

## Lees strofe 1

## 7.2

Wie het die komper opgestel om alles vir hom te doen?

a) Die digter
b) Die leser
c) Die spreker (ek-persoon)
d) Die kameraad

## 7.3

Wat kan die komper doen wat die spreker nie kan doen nie?

a) Skryf nuwe gedigte
b) Onthou alles wat ingevoer is
c) Neem besluite vir die spreker
d) Dink selfstandig

FROZENFOCUS
EDUCATION

## Lees strofe 2

## 7.4

Wat noem ons ’n strofe wat uit **vier versreëls** bestaan?

a) distigon
b) tersine
c) oktaaf
d) kwatryn

## 7.5

LIVEWORKSHEETS

Waarom, dink jy, kan die spreker nie vir die komper kwaad wees nie?

a) Die komper is duur
b) Die komper is nuut
c) Die komper doen net wat hy gesê word om te doen
d) Die komper help hom vergeet

---

## Lees strofe 3

### 7.6

Wie is die **"hom"** waarna daar in versreël 10 verwys word?

a) Die spreker
b) Die komper
c) Die maat
d) Die busbestuurder

---

### 7.7

Wat doen die spreker voordat hy saans huis toe gaan?

a) Hy gaan na sy maat se huis
b) Hy gaan na 'n rekenaarwinkel
c) Hy koop kruideniersware by die OK
d) Hy werk verder op die komper

---

### 7.8

Watter versreël suggereer dat die spreker in die werk op sy rekenaar vasgevang is?

a) "ek het hom na my hand geleer"
b) "met my OK-sak vol behoeftetjies"
c) "in die laai is ek gesleutel"
d) "êrens sal ek my nog kry"

---

## Lees strofe 4

### 7.9

Wat noem ons die **halfrym** in die volgende versreël:
*"kom komper, tyd vir kompereer"*?

FROZENFOCUS EDUCATION

LIVEWORKSHEETS

a) metafor
b) assonansie
c) alliterasie
d) personifikasie

---

## 7.10

Die **heel laaste woord** van die gedig is 'n voorbeeld van …

a) eufemisme
b) woordspeling
c) klanknabootsing
d) hiperbool

---

## ***AFDELING D TAALVAARDIGHEID***

### ***VRAAG 8 SINSTRUKTURE***

---




LIVEWORKSHEETS

## 8.1

Die man haal kos uit die yskas. Die man is honger. (1)

*Die man wat ...*

Antwoord:

## 8.2

Die vrou staan en praat met haar vriendin op haar selfoon. (1)

*Verlede week ...*

Antwoord:

## 8.3

Die man vra vir sy vrou: "Waar het jy die roomys gebêre?" (1)

*Die man vra vir sy vrou ...*

Antwoord:

## 8.4

Het jy al ooit so 'n vol yskas gesien? (1)

*Nee, ...*

Antwoord:

FROZENFOCUS EDUCATION

## 8.5

Die hond bedel vir 'n bietjie kos. Hy het gister laas geëet. (1)

*Die hond bedel vir 'n bietjie kos, aangesien ...*

Antwoord:

LIVEWORKSHEETS

**8.6**

Die vrou het verlede week drie koeke in die oond gebak. (1)

*Die koeke ...*

Antwoord:

---

**8.7**

Die man wil nog iets kry om te eet. Hy het 'n uur gelede ontbyt geëet. (1)

*Al ...*

Antwoord:

---

**8.8**

Die vrou kom van haar Pilates-oefening af. Sy bel onmiddellik haar vriendin. (1)

*Nadat ...*

Antwoord:

---

**8.9**

Die man haal die kos uit die yskas sodat hy dit by die tafel kan eet. (1)

*Die man haal die kos uit die yskas om ...*

Antwoord:

---

FROZENFOCUS EDUCATION

**8.10**

Die man sal die vuil borde later in die wasbak was. (1)

*Die vuil borde ...*

Antwoord:

---

**8.11**

LIVEWORKSHEETS